# Welkom by NG The Reeds

**'n Veilige hawe vir nuwe hoop**

## Tema vanoggend:

Saamstaan as ligdraers



# Lied 168: 1

Heilige Jesus,

Heer van die here,

U is verhoog tot die hemeltroon.

Ons bring U ere, Christus, die Here!

Met heerlikheid is U gekroon.

# Lied 168:2

Mooi is die aarde,dit het groot waarde,
maar is gering voor u grootheid, Heer.
U is ons lewe, U is ons vrede.
U Gees moet ons hier lei en leer.

# Lied 168:3

U is die Alfa, en die Omega.

U kom en elkeen sal U kan sien.


U is die Eerste. U is die Laaste.

Die ganse skepping sal U dien.

# Gebed



# Filippense 1:27-2:4



27. Hoofsaak is dat julle **lewenswandel** in ooreenstemming met die evangelie van Christus moet wees. As ek dan kom, sal ek self sien, of as ek nie kan kom nie, sal ek deur berigte hoor dat julle in volkome **eensgesindheid standvastig saamstry** vir die geloof in die evangelie 28. en julle in geen opsig deur die **teenstanders (nie) laat afskrik nie**. **Dit (só lewe)** is vir hulle 'n **teken van húlle ondergang** en van júlle redding, en dit kom van God. 29. God het julle die voorreg gegee om Christus te dien, nie alleen deur in Hom te glo nie, maar ook deur vir Hom te ly. 30. Julle en ek het dieselfde stryd wat julle my vroeër al sien stry het en waarvan julle hoor dat ek nou nog stry.

1. Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2. maak dan nou my blydskap volkome deur **eensgesind** te wees: een in liefde, een van hart, een in strewe. 3. Moet niks uit selfsug of eersug doen nie, maar in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself. 4. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander.

# Gemeente se roeping

**1:27-2:4** – Saamstaan teenoor teenstanders

**2:5-11** – Christus se gesindheid

**2:12-18** – Ligdraers in die donker om hulle

# Boelie gedrag besig om toe te neem




In ons teks...

# Wie was die teenstanders?





# Hoe het hulle tewerk gegaan?

**Verdeeltheid in gemeente saai, sodat die gemeente verstrooi en geloof doodgedruk word**

**Probeer gemeentelede bang maak om hulle openlik met die gemeente te vereenselwig**


Wie is ons teenstanders vandag?
Alles wat ons bang maak of verhinder om onsself te assosieer met...



# Militêre terme

Gemeente moet <u>onbevrees saamstaan</u> en <u>aanslag afweer</u>

# As julle  só saamstaan is julle lewens ‘n teken …



As julle só saamstaan is <u>julle lewens</u>
<u>'n teken</u> …

…daarom die oproep reg aan die begin:

*"julle lewenswandel moet ooreenstem met die evangelie"*



# Hoekom kan julle saamstaan?

Julle het die troos in Christus ontvang

Julle is aangespoor deur sy liefde



# Hoekom kan julle saamstaan?

Julle het die gemeenskap deur die Gees ervaar

Julle het die innige meegevoel en meelewing ervaar



Hoe lyk hierdie saamstaan?



Een in liefde,
Een van hart
Een van strewe

# Wat bedreig hierdie saamstaan?



Selfsug en eersug

Twis, verdeeltheid, onmin, slegte gevoelens

Wat is die sleutel tot hierdie saamstaan?

Nederigheid



# Boelie gedrag besig om toe te neem



# Saamstaan as ligdraers



# Gebed



# Saamstaan as ligdraers





# Lied 532: 1

Ons Vader, neem ons hande
en maak ons een.
Versterk u self die bande -
gee ons u seën.
Bind ons in u genade
aan U, o Heer,
en leer ons om met dade
u Naam te eer.



L 532:2

Heer, wees vir ons ‘n Vader
wat sorg en sien.
Trek ons in Christus nader
om U te dien.
Laat, Heer, u Gees ons voorgaan,
laat Hy ons lei,
dat ons u Woord gehoorsaam,
ons aan U wy.



L 532:3

Leer ons mekaar vergewe,
mekaar vertrou.
Laat ons die hele lewe
op liefde bou.
Laat heers oor ons u vrede,
en bind ons saam.
Verhoor tog ons gebede
in Jesus Naam.


Saamstaan as ligdraers